



LANTANA CAMARA

'N GIFTIGE VERKLAARDE ONKRUID

deur M.J. WELLS en C.H. STIRTON
Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria

(Vervang Vleisbeeste E.8.1/1981 en Melkbeeste H.5.1/1981)

Lantana camara is 'n giftige maar baie aantreklike tuinplant wat 'n aggressiewe indringer in die veld en plantasies geword het. Dit varieer van 'n digte struik, minder as 1 m hoog, tot 'n slordige klimplant van 3 m of hoër. Die geriffelde, dikwels vierhoekige stingels is gewoonlik bedek met kort, stywe hare en teruggekromde dorings. Die blare word in pare gedra, en elke paar staan haaks ten opsigte van die pare bo en onder. Die blare het geronde basisse, spits punte en saagtandige rande. Hulle voel skurf en gee 'n skerp *Verbena*-agtige reuk af wanneer hulle gekneus word. Die blomme is in kompakte hofies en kan wit, pienk, rooi, karmosyn, oranje of geel wees, en verskillende kleure word dikwels in een hofie aangetref. Die vrugte is glansend groen, en word persswart wanneer hulle ryp is.

Die plante varieer nie net ten opsigte van blomkleur, stekelrigheid en groeivorm nie, maar ook ten opsigte van groeiplek, giftigheid, groeitempo, saadproduksie en indringingsvermoë.

Daar is meer as 50 verskillende variante van *Lantana camara* in Suid-Afrika en verskeie bastergroepe word aangetref waarin geen twee individue presies dieselfde is nie. Hoewel sommige van die variante wat in Suid-Afrika aangetref word ook elders voorkom, is die spesifieke versameling variante wat hier aangetref word, uniek.

Verwantskap

Die genus *Lantana* bevat sowat 150 soorte, hoofsaaklik van Suid- en Sentraal-Amerika. Vier soorte is inheems in Suid-Afrika: *L. rugosa*, *L. dinteri*, *L. mearnsii* en *L. angolensis*. Hulle kan almal maklik van *L. camara* onderskei word, aangesien hulle spreidende struik of struikies van grasveld en oop boomveld, met taamlik onaansienlike ligpers blomme is. Hulle is nie dekoratief of onkruidagtig nie en is nog nie giftig bevind nie. Inheemse lede van die naverwante genus, *Lippia* (wat van *Lantana* verskil deur hulle harde, droë vrugte) veroorsaak egter soms vergiftigingsimptome soortgelyk aan dié van *Lantana camara*.

Die ander algemene, ingevoerde tuin-*Lantana*, *L. montevidensis*, voorheen bekend as *L. sellowiana*, kan ook vergiftiging veroorsaak, maar dit is nie 'n lastige onkruid in Suid-Afrika nie. Dit word maklik van *L. camara* onderskei deur die ligpers blomme, kruipende groeivorm wat gewoonlik minder kragtig is en die heelwat groter blomskutblare (Fig. 6(a) en (b)).

Verspreiding

Kwekers in Europa het meer as 650 *Lantana*-cultivars van materiaal wat in Amerika versamel is, geselekteer en gekweek. Dit het gedurende die koloniale tydperk oor die hele aardbol versprei. Baie van hierdie cultivars het onkruid in hul nuwe tuiste geword en het oorspronklik gegee aan nuwe basters waarvan plaaslike kwekers meer cultivars geselekteer en uitgevoer het.

Uitheimse *Lantana*-soorte is die eerste keer in 1858 in Suid-Afrika in die Kaapstadse Botaniese Tuin aangeteken. In 1883 het meer materiaal vanaf Mauritius in Durban aangekom, en daar is waarskynlik ook ander ingevoer. *Lantana camara* was voor 1909 wyd gevestig in Natal en het teen 1950, 8 000 ha besmet. 'n Opname in 1962 het getoon dat 25 000-30 000 ha besmet was - daarvan was 80% in Natal, 14% in Transvaal en 6% in die Oos-Kaap, met 'n geringe voorkoms in die Oranje-Vrystaat. Geen uitgebreide opnames is onlangs uitgevoer nie, maar *Lantana camara* word nou oral in plaas- en stadstuine aangetref behalwe in die droogste en koudste dele van die land. *Lantana camara* is vinnig besig om in Oos- en Noord-Transvaal te versprei. Dit het beslis nog nie die grense van die potensiele verspreiding daarvan in Suid-Afrika bereik nie.

Ekologie

As dit eers een maal in 'n streek deur tuiniers en kwekers ingebring word, word die sade van *Lantana camara* vinnig deur voëls en ander diere



FIG. 1 - Enkele kleurvariasies wat onder *L. camara* kan voorkom, en oral in Suid-Afrikaanse tuine aangetref word



FIG. 2 - Hoewel die blomme van *L. camara* soms baie aantreklik kan wees, hou hierdie verklaarde onkruid 'n groot bedreiging vir die land in

FIG. 3 - Giftige *Lantana camara* neem groot oppervlakte weiding in





FIG. 4 - *L. camara* kan veroorsaak dat diere wat dit vreet se hare uitval en die vel ernstig beskadig word



FIG. 5 - Die tipiese swart-pers bessies van alle *Lantana*-spesies. Dis hierdie bessies asook die blare en stamme van sekere variante wat so giftig vir diere is

soos ape en moontlik ook deur knaagdiere versprei. Indien toestande gunstig is, raak die soort gou gevestig. Dit groei in 'n wye reeks grondsoorte maar aard die beste op sanderige, versteurde en verspoelde gronde. Toenemende versteuring van die veld in Suid-Afrika verskaf meer geskikte groeiplekke vir die plant.

Lantana camara is die aggressiefste in tropiese en subtropiese streke soortgelyk aan sy natuurlike streke in Amerika. In Suid-Afrika toon dit die grootste indringingsvermoë in die versteurde gebiede van die Natalse kusstrook en die Transvaalse Laeveld. Dit is minder aggressief in die koeler klimaat van die Kaapprovinsie en op die Hoëveld waar dit op die oomblik net 'n plaag is op die warmer noordhellings van rante. Sommige variante is egter in staat om die lang winterdroogte en verskeie grade ryp te weerstaan.

Lantana camara gedy in volle sonlig en neig om deur en oor ander plante te groei, sommige aggressiewe variante versmoor bome wat tot 10 m

hoog is in hul soeke na sonskyn. Dit kan ook goed in ligte skaduwee groei, byvoorbeeld in plantasies, hoewel dit in daardie omstandighede nie altyd baie blomme en vrugte voortbring nie.

Belangrikheid

Lantana camara word as een van die tien ergste onkruid in die wêreld beskou, en is reeds die afgelope 30 jaar 'n verklaarde onkruid in Suid-Afrika (kyk Wetgewing). Die plant se dekoratiewe eienskappe bring mense in die versoeking om dit nog steeds in hul tuine te plant, en help sodoende om die plant te versprei.

Dit vervang inheemse veld, wat die beskikbare



(a) *L. montevidensis*

← FIG. 6(a) - Die minder skadelike *L. montevidensis* wat met sy minder kragtige, kruipende groeivorm, sy ligpers blomme en groter blomsutblare van die verklaarde *L. camara* onderskei kan word

→ FIG. 6(b) - Die verklaarde *L. camara* bestaan uit 'n groot aantal kultivars en basters waarvan party giftig is



(b) *L. camara*

Blomsutblare

66
voedselvoorraad vir vee verminder, bedreig die voortbestaan van inheemse plante, verhoog waterafloop en grondverlies teen steil hange en benadeel landbou- en bosbou-aktiwiteite.

Lantana camara-vergiftiging is besonder pynlik en onaangenaam. Die gif tas die lewer aan en veroorsaak dat diere (gewoonlik beeste) besonder gevoelig is vir sonlig. Die vel van veral die liggekleurde of sagte dele van die liggaam soos die neus, oë, lippe en ore swel en ontsteek. Die vel dop af en vorm 'n korsagtige laag wat verhard en bars. Sere ontwikkel, die diere sukkel om te vreet en om asem te haal, hul niere word beskadig en hulle gaan dikwels dood.

In Natal is *Lantana camara* in sommige seisoene verantwoordelik vir tot 'n kwart van die aangemelde gevalle van beesvergiftiging (akkurate syfers is nie beskikbaar nie). Aangesien *Lantana*-vergiftiging die lewer permanent beskadig word aangetaste diere onproduktief, al vrek hulle nie onmiddellik nie. Verborge verliese soos verlaagde produksie, veeartseny-onkoste, ongebruikte weiding en pogings om onkruid te beheer, is waarskynlik baie groter as direkte verliese as gevolg van veevrektes.

Kinders het al gesterf as gevolg van neurosirkulatoriese ineenstorting nadat van dié vrugte geëet is.

As gevolg van sy vermoë om maklik te verbaster en om kiemkrachtige saad ongeslagtelik te produseer, kan *Lantana camara* 'n wye reeks variante wat by verskillende toestande aangepas is, voortbring. Nuwe, meer lewenskrachtige en giftiger variante kan enige tyd voorkom. Selfs skynbaar steriele variante kan nie as "veilig" beskou word nie, aangesien hulle skielik deur middel van saad kan begin voortplant wanneer hulle na 'n ander streek verskuif word of wanneer kruisbestuiving met 'n ander variant plaasvind.

Wetgewing

Lantana camara is in 1946 tot skadelike onkruid in Natal verklaar (proklamasie no. 167 van 1946 volgens die Wet op Onkruid no. 42 van 1937). Daarna is dit tot skadelike onkruid deur die hele land verklaar (proklamasie no. 37 van 1954 in terme van dieselfde wet). Dit is tans 'n verklaarde onkruid ingevolge die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983).

Slegs die kruipende soort *Lantana montevidensis*, voorheen bekend as *L. sellowiana*, mag gekweek word.

Beheer

Die jongste ontwikkelings in die beheer van *Lantana camara* word afsonderlik uiteengesit - kyk Bladskrif Onkruid A.27.1 en raadpleeg die jongste uitgawe van *A guide to the use of herbicides*, Departement van Landbou en Watervoorsiening, Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria.

Opmerkings

Lantana is die antieke naam vir *Viburnum*, 'n Europese plant wat soortgelyke blare het. Die naam *camara* kom waarskynlik van die Griekse woord "kamara" wat "gewelfde kamer" beteken, maar dit kan ook 'n verwerking van 'n volksnaam wees. Gewone name wat vir *L. camara* gebruik word, sluit die volgende in: gomdagga, wilde roosmaryn, *bird's brandy*, *cherry pie*, *tickberry*, *Jamaican mountain sage*, *wild sage* en *confetti bush*.